Referate

Eugène Nielen Marais – Feit en Fabel*

C.J. Mieny
Dept. Chirurgie, Universiteit van Pretoria

Meneer die Voorsitter, u het vir my die titel gekies: ,,Eugène Marais – feit en fabel", dus sal u medeverantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar as ek sekere alom aanvaarde en dikwels herhaalde feite oor Marais en sy rol op verskeie terreine bevraagteken en sommige sogenaamde feite selfs as fabel beskryf. U merk op dat ek versigtig is om nie die woord verdigsel te gebruik nie, want rondom groot en geniale figure ontstaan daar dikwels fabels, waarvan sommige deur hulle self geskep is, en ander wat deur hulle bewonderaars versin is.

Eugène Marais is in die ware sin van die woord 'n seun van die Transvaal. Net soos daardie ander groot veelsydige Louis Leipoldt se hart gelê het in die Hantam en die Sederberge van Clanwilliam, so het Marais se hart gelê in die Bosveld van Tranvaal, in die Waterberg en in Pretoria.

Pretorianers is vurig trots op die veelsydige prestasies van hierdie man. Hulle is fyngevoelig vir kritiek. Daar word graag slegs die goeie gawes voorgehou. Maar dit is juis 'n ontleding van die persoonlike tragiek in sy lewe, en begrip vir sy ,,felste kwaal", wat 'n mens met groter bewondering vervul vir sy bydrae ten spyte van die tragiese verkwisting van sy groot gawes.

Marais se lewe is op skitterende wyse nagevors en beskryf deur Leon Rousseau in sy boek *Die groot verlange*. Ek gaan my by sekere aspekte van sy lewe bepaal; aspekte waaroor daar die grootste meningsverskil bestaan.

Toe Eugène Marais se naam gekoppel is aan hierdie tak van die Akademie is daar in die motivering onder andere geskryf: ,,Op 24-jarige leeftyd, in 1896, vertrek hy na Europa waar hy in die regte asook in die geneeskunde by Guys Hospitaal in Londen en by die Universiteit van Bonn studeer."

Robert Ardrey, wat weer onlangs die grootste kampvegter vir Eugène Marais sou word, beskryf hom in *African genesis* as: ,,The Pioneer Mind of Modern Zoology and the Purest Genius that Natural Sciences have seen this century", en in sy ander bekende boek *The territorial imperative*: ,,Marais was a genius, a van Gogh of the natural sciences. Marais was a lawyer, doctor, journalist, poet, teacher."

Telkens vind ons dus die aansprake dat Marais 'n geneesheer was of tenminste dat hy vir geruime tyd in die Geneeskunde studeer het.

Die meeste van hierdie bewerings is gebaseer op wat Marais self by twee geleenthede vertel het. Eerstens aan F.G.M. du Toit, wat 'n lewenskets van Marais geskryf het: ,,In 1896 is ek na Europa waar ek 'n tyd lank in medisyne studeer het. Ek het 'n privaat kliniek in Londen bygewoon. Terwyl ek daar was ontvang ek uit Transvaal 'n brief van Ewald Esselen en ander, om my aan te spoor om liewer in die regte te studeer." En later aan dr. Winifred de Kock van Londen, wat sy boek *Die siel van die mier* in Engels vertaal het: ,,In later years I studied in England and was called to the bar after abandoning the results of a four year medical course". Grondige navorsing deur Leon Rossouw kon niks hiervan bevestig nie. Marais het nie by Guys-Hospitaal of in Bonn in die Geneeskunde studeer nie. Tog was Marais gedurende sy verblyf van 10 jaar in die Waterberg bekend as ,,die wonderdokter".

Maar laat ons probeer om die fabels en die feite van mekaar te onderskei.

Vrae wat ontstaan is; waarom is Marais juis in 1896 kort voor die Engelse Oorlog na Europa toe, wat was die werklike doel van sy verblyf in Londen, en wat was Ewald Esselen se rol in sy keuse van 'n studierigting.

Miskien moet ek voor begin. Met die geboorte van Eugène Marais in 1871 was Pretoria baie Engels. Marais se ouers se vriende was hoofsaaklik Engelssprekend, oud-Kapenaars en enkele meer verfynde Transvalers. Een so 'n vriend was Jan Celliers, redakteur van De Volksstem en vader van die digter Jan F.E. Celliers. 'n Ander huisvriend was president Tom Burgers, 'n opgevoede en liberale man. Die Marais's, afkomstig uit Stellenbosch, was heeltemal Engelsgesind en het oorwegend Engels by die huis gepraat.

Toe Shepstone in 1877 die Transvaal annekseer, vind hy en sy offisiere, wat die latere skrywer Rider Haggard insluit, 'n vriendelike heenkome by die Maraisgesin.

In Desember 1879 kom die Boere onder leiding van Kruger, Pretorius en Piet Joubert in opstand en beleër Pretoria. Eugène Marais se oom, Lang Piet Marais – of ,,Uncle Peter" soos Marais se susters hom aangespreek het – sluit by die Defence Committee aan wat Pretoria teen 'n Boere-aanval moes beskerm.

Die inwoners van Pretoria word in konsentrasiekampe saamgetrek maar die Maraisgesin woon

*Tweede Eugène Nielen Marais-gedenklesing, gelewer voor die Tak Eugène Nielen Marais, Afdeling Geneeskunde

saam met die Engelse troepe in die militêre kamp.

Vir Paul Kruger en die Doppers het die Marais's geen tyd nie. Een van Eugène se susters het altyd smaakvol in Engels vertel dat mev. Marais Paul Kruger op die stoep laat wag het tot haar man by die huis kom: ,,Mother thought of him as a servant and treated him as such".

Geen wonder dat Eugène, nadat hy van skool in die Paarl na Pretoria teruggekeer het, al sy kragte sou toespits om Paul Kruger te beveg nie.

Die Maraisfamilie het gehoop dat hy ook prokureur sou word soos sy broer Melt, maar in 1888 sluit hy by die Transvaal Advertiser aan as ,,cub reporter" op aanmoediging van sy ander broer, Hennie, wat onder die skuilnaam Amphi Bias 'n rubriek vir die koerant behartig.

Die redakteur van die koerant was ene dr. John Scoble, wat sy koerant in die Amerikaanse tradisie bedryf het. Marais leer gou dat dit gaan om sensasie en die beywering om die koerant te verkoop. Skinderstories en onthullings is die lewensbloed van hierdie soort joernalistiek.

Marais kom gereeld in Johannesburg en begin vriende maak met sekere van die Uitlanders. Dit is die tyd van botsing tussen Kruger en die Uitlanders. Daar is veral sterk kritiek teen Kruger se konsessiebeleid en die feit dat die een na die ander belangrike regeringspos aan Uitlanders gegee word.

Marais word aangestel as die Advertiser se Volksraadkorrespondent. Toe hy eendag 'n sitting bywoon waar die familievriend Jan Celliers kritiek uitspreek teen 'n konsessie waar daar ook sprake van omkopery was, word hy stilgemaak deur B.H. Klopper, Voorsitter van die Raad. Marais hoor toevallig 'n gesprek tussen Klopper en 'n ander Raadslid, waarin Klopper sê dat hy nou elke keer vir Celliers op sy plek sal sit.

Marais skryf in die Advertiser: ,,Again I have to publish a little tale that was not intended for my ears. But I glory in revealing the duplicity of these men. I had never thought that the Chairman, that religious man, with eyes turned up and mouth turned down, whose every word is oiled with the grace of God, whose every phrase is mingled with biblical allusions – I had never thought, that this man could utter anything he would blush to see published".

Hierdie insident het hom Kruger se gramskap op die hals gehaal en hy word uit die persgallery verban. Dit is die begin van 'n lang stryd tussen Kruger en Marais.

Agtien Negentig is 'n jaar van depressie in Transvaal. Groter ontevredenheid heers teen Kruger se bewind. 'n Groep opponente van die president beraam planne om Kruger met die volgende verkiesing uit die kussings te lig. Die leier van hierdie groep is Ewald Esselen.

Ewald Esselen was 'n broer van Louis Leipoldt se moeder, Anna Metha Esselen. Gedurende die Eerste Anglo-Boereoorlog het Ewald Esselen in die Medisyne in Edinburgh studeer, maat hy het hom na die Transvaal gehaas om by die Boeremagte aan te sluit. Na die oorlog het hy sy mediese studies laat vaar en hom as advokaat by die Inner Temple in Londen bekwaam. Na sy terugkeer na Suid-Afrika het hy as advokaat in Kaapstad praktiseer, en hy was die Afrikanerbond se lid vir Richmond. In 1887 word hy aangestel as regter in die Transvaalse Republiek, maar hy bedank in 1890 om hom op die politiek toe te spits en om as advokaat te praktiseer. Sy vriendskap met die jong Marais was gegrond op 'n gemeenskaplike teenkanting teen Paul Kruger.

Hulle steun genl. Joubert vir die presidentskap teen Kruger. Al die Hollandse koerante in Pretoria, insluitende De Volksstem onder die redakteurskap van dr. Frans Engelenburg – nog 'n Nederlander – steun Kruger. Esselen oorreed T.S. Meyer om die redakteurskap van die Land en Volk aan die negentienjarige Marias as redakteur te oorhandig.

Nou het Marais die forum wat hy begeer, en dit sou onvermydelik lei tot verdere en groter botsings met die president.

Marais begin dadelik links en regs klappe uitdeel en dit lei tot een lasteraksie na die ander. Dr. Engelenburg skryf 'n pittige en striemende hoofartikel oor Land en Volk. Hy skryf: ,,Vir die publikasie van 'n koerant is meer nodig as 'n klein bietjie oppervlakkige skoolkennis en een heel groote lot onbeschaamdheid."

Marais is lid van die ,,Verkies Joubertkomitee", met Ewald Esselen as voorsitter. Toe Ewald Esselen besluit om die National Union van die Uitlanders toe te spreek repudieer Joubert die hele verkiesingskomitee. Kruger wen die verkiesing en kandidaat Esselen verloor met 7 stemme in Potchefstroom.

Charles Leonard en enkele Uitlandermiljoenêrs koop Land en Volk vir die aansienlike bedrag van £2 500. Marais bly aan as redakteur teen 'n salaris van R50,00 per maand.

Marais doen volgehoue aanvalle in sy hoofartikels teen Paul Kruger en sy regering. Na aanleiding van 'n berig dat Sammy Marks 'n skenking van £10 000 gemaak het om 'n standbeeld ter ere van die president op Kerkplein op te rig, skryf Marais: ,,Laat onze kinderen geleerd werden dat het beeld niet opgericht werd door een dankbaar volk aan een grooten voorman, maar door een Jood die het geld er voor gemaakt heeft uit den drankhandel onder ons volk, waarvoor hy een monopolie had. Laat die kinderen weten dat de prys voor het beeld betaald, bestaat uit de tranen van weduwee, het rouklag van wezen en de armoede en ellende van gansche families.

Laat de kinderen ook de betekenis van het beeld op politiek gebied geleerd werden. Laat het staan as een beeld van die verfoeilyke speculasie en concessie politiek die zoo veel deed om ons land ten onder te brengen. Laat het staan as een beeld van die vreemdelingen overheersching waaronder ons volk zoo lang geleiden heeft. Laat het staan voor alles dat een Transvaalsch kind behoort te haten en laat onze kinderen leeren om het beeld voorby te gaan met afschuu in hunne harten."

Hy beskuldig Kruger openlik in sy koerant van korrupsie. 'n Klag van kriminele laster word teen

hom aanhangig gemaak, maar met Ewald Esselen as sy advokaat word hy onskuldig bevind en ontslaan.

Marais skryf uitdagend in Land en Volk: „De Heer Marias word gearresteerd op klacht van den President wegens criminele laster. Door het hof word hy onschuldig verklaard en werd aan de wêreld te kenne gegeven dat de verkeerde persoon in die criminele box geplaats was."

Ondertussen het gerugte van opstand in Johannesburg toegeneem. Marais se vriend en eienaar van Land en Volk, Charles Leonard, publiseer op 26 Desember 1895 'n manifes waarin hy drastiese hervormings vir die Uitlanders eis.

Leonard sou later in sy boek *The political situation in South Africa* as volg skryf: „There has always been a considerable section among the Boer population in sympathy with the aspirations of the newcomers and hostile to the methods of administration and legislation prevailing in Pretoria. The views of these Boers have been ably represented by a Dutch Newspaper called Land en Volk edited by Mr. Eugène Marais, an able patriotic young Transvaler. It represented the views of men like Mr. Ewald Esselen and other younger and more enlightened Burgers and in season and out of season pointed out the dangers arising from the autocratic government of Paul Kruger in the granting of official and political power to an ever increasing band of intriguing Hollanders."

Gerugte van 'n moontlike inval deur dr. Jameson doen nou sterk die rondte. Abraham Malan, 'n skoolseun van genl. Piet Joubert neem Eugène Marais met hom saam om met die Reform Committee onder die voorsitterskap van Charles Leonard in die Rand Club te onderhandel. Abe Bailey, Percy Fitzpatrick, Hays Hammond en kol. Francis Rhodes, broer van Cecil John, is ook teenwoordig.

Toe die Volksraad van die onderhandelinge verneem, wou dr. Jorissen met alle geweld 'n klag van hoogverraad aanhangig maak, maar president Kruger self kalmeer die gemoedere en besluit om Marais te gebruik om met die Uitlanders te onderhandel.

Ten spyte van alles loods Jameson sy berugte inval, die Reformers word gevange geneem, behalwe Leonard wat toevallig besig was om met Rhodes in Kaapstad te beraadslaag. Na die Jamesonstrooptog is Kruger baie gewild as die Redder van Transvaal en Marais kan nie waag om hom te kritiseer nie. Sy rol in die Jamesoninval is sterk onder verdenking by sommige lede van die Volksraad. Land en Volk se sirkulasie daal skerp en boonop het hy sy subsidie uit Johannesburg verloor sedert die gevangeneming van die Reformers.

Marais verloor 'n lastersaak teen komdt. Tobias Smuts en moet £50 skadevergoeding en £500 regskoste betaal.

Net 'n week na die terugslag sterf sy vader, Jan Christiaan Nielen Marais, en 'n maand later sy moeder, Catherina Marais. Na al hierdie terugslae besluit hy om 'n nuwe begin te maak en in Desember 1896 vertrek hy na Londen.

In Londen aangekom, skryf hy as regstudent by die Inner Temple in. Hy gee sy vader se beroep aan as advokaat en gee self voor dat hy graduandus van die Universiteit van Kaapstad is. Hy doen dit waarskynlik omdat hy as ongegradueerde eers 'n toelatingseksamen sou moes doen in Latyn, Engels en Engelse Geskiedenis. Gedurende die volgende twee jaar sou Marais herhaaldelik vals beriggies aan sy vorige koerant Land en Volk stuur. Toe hy die eksamen aan die einde van die eerste semester druip, stuur hy 'n berig aan sy koerant waarin gepraat word van 'n skitterende prestasie en dat hy waarskynlik die hele kursus in 16 maande sou kon voltooi. Die feite is egter dat hy eers na vyf jaar in Londen deur sy finale eksamen na 'n hereksamen deurgeskraap het.

Die feite in verband met sy aktiwiteite gedurende hierdie vyf jaar is skraps en vaag. Daar is aanduidings dat hy probeer skryf het en dat hy selfs probeer skilder het. Wat wel bekend is, is dat hy as 'n silwer en goudsmid gewerk het en dat hy die pot aan die kook gehou het deur as 'n horlosiemaker te werk.

Hy het beslis nie by Guyshospitaal studeer nie, en wat betref studie in Bonn, kan daar gesê word dat hy nie as mediese student daar ingeskryf was nie.

Dit is wel moontlik dat Marais lesings by klinieke in Duitsland kon bygewoon het. In daardie dae kon enige mediese student wat bereid was om die gelde te betaal, kursusse by verskillende klinieke in Duitsland volg. Leipoldt het dit ook gedoen en 'n uitgebreide reeks artikels geskryf oor die studiegeleenthede wat op die kontinent vir mediese studente beskikbaar was.

Marais se latere bewerings dat hy 'n driejaarkursus in die Neurologie en Psigiatrie gevolg het, is erg oordrewe, maar dat hy 'n kortkursus êrens in Duitsland bygewoon het, is wel moontlik. Hy was Duits magtig en dit is bekend dat hy 'n tyd land met 'n groep Duitse studente op die kontinent gereis het en selfs later in Londen saam met hulle gewoon het.

In September 1901 besluit Marais om na Suid-Afrika terug te keer. Engeland is steeds in 'n oorlog met die Republieke gewikkel. Gewoonlik word daar gesê Marais was die leier van 'n ekspedisie wat geneesmiddels en ammunisie na die Boere in Noord-Transvaal probeer bring het. Wat is die feite en waar begin die fabels? Marais verneem dat dr. Leyds so 'n ekspedisie organiseer; dit sou vanaf België vertrek.

Toe hy in België aankom om by die ekspedisie aan te sluit, loop hy 'n vyandige en suspisieuse dr. Leyds teë. Hy onthou Marais se politieke stryd teen Kruger voor die Engelse Oorlog en sy sterk vriendskapsbande met Charles Leonard en die Reform Committee. Leyds doen alles in sy vermoë om Marais te verhoed om by die ekspedisie aan te sluit.

Toe Marais later verneem die eskpedisie sonder hom vertrek het, reis hy alleen via die Suezkanaal na Dar-es-Salaam. Hier loop hy bloot toevallig ene Burger, 'n lid van die ekspedisie, raak en hy sluit uiteindelik aan by die leier van die ekspedisie, dr. Schultz. Dr. Schultz was 'n geneesheer uit die kliniek van prof. Van Leyden in Berlyn, en voorheen sendelinggeneesheer in Sjina. Hy was 'n opgeleide spioen

in die Duitse geheime diens met 'n wrewel teen Engeland en hy was dus 'n ideale leier vir so 'n ekspedisie.

Kort nadat Marais by hulle in Beira aansluit, ontvang hulle berig dat die oorlog in Suid-Afrika verby is.

Schultz wil dit nie aanvaar nie en oorreed die ander lede van die ekspedisie dat die sending moet voortgaan. Na weke se vertraging en ontberings, waartydens die meeste lede van die ekspedisie malaria opgedoen het, land hulle in Lourenço Marques. Gedurende die reis suid het dr. Schultz onder die inboorlinge langs die kus gepraktiseer. Hy het selfs operasies uitgevoer met Marais as assistent. Marais het later hierdie periode saam met Schultz as 'n belangrike deel van sy praktiese opleiding in die Geneeskunde beskryf.

In Lourenço Marques aangekom, word Marais ingewag deur sy ou vriend uit die dae van die Reform Committee, ene Falconer. Falconer gee £1,000 aan Marais en verseker hom dat lord Milner toestemming gegee het dat hy weer sy koerant Land en Volk kan heropen. Marais het nie veel sin daarin om weer as koerantman te werk nie. Die koerant word heropen met die jong Gustav Preller as redakteur.

Met Preller as redakteur ontstaan daar gou botsings met die Britse besettingsmag. Milner laat Marais ontbied vir middagete om die saak met hom te bespreek. Falconer beskuldig Preller.

Op 22 Mei 1903 skryf Milner aan Marais: „I am grateful for your kind expressions and I am glad you think which is what I also think that if I were to see more the men, the kernel of the Afrikaner people and apart from politicts and politicians we should get on well together".

Hy gaan dan voort met 'n verdoeming van die neiging tot kibbel en wantroue van die Afrikaner. Hy spreek sy bewondering uit vir die gehardheid en deursettingsvermoë van die Afrikaner. Hy eindig as volg: „Meanwhile whatever you or others who are able to take an impartial and even kindly view of me can do to remove suspicion and to pave the way to a better understanding, will be a real service, not only to me – that is a minor consideration but to the country in which we live together."

Uiteindelik na 'n voorlopige verbod laat die Britte dr. Engelenburgh toe om De Volksstem te laat herlewe. Preller verlaat Land en Volk en sluit by die redaksie van De Volksstem aan.

Gedurende 1904 en 1905 voer Preller in De Volksstem 'n stryd vir Afrikaans. In antwoord op Onze Jan Hofmeyr se kreet uit die Suide, Is't ons Ernst? antwoord hy: Laat't ons tog ernst wesen. Preller gebruik Marais se Winternag as voorbeeld van die hoogtes waartoe die Afrikaanse taal as digterstaal in staat is. Marais steun hom in Land en Volk. Hy publiseer sy gedig Die Smid: Blaas hoog die vlam, wat die strydkreet van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging sou word.

Maar Marais het sy vuur verloor en Land en Volk voer 'n sukkelbestaan. Aan die einde van 1905 slaag hy daarin om die koerant te verkoop en hy begin praktiseer as advokaat. Toe hy geen opdragte in Pretoria ontvang nie, verhuis hy na Hillbrow in Johannesburg. Hierdie poging eindig ook in mislukking en in 'n roes van dwelmverval.

In 1907 verhuis hy na die Waterberg in 'n poging om te ontvlug en om genesing van sy „felste kwaal" te probeer soek. Hy vestig hom eers op die plaas Doornhoek, waar 'n tinafsetting ontdek was, en Marais lê hom op prospekteer toe. Hy het reeds voor die Engelse Oorlog in mynbou belang gestel. Hierdie belangstelling het hy by sy oom Lang Piet Marais en by sy Uitlandervriende van die Reform Committee gekry. Lang Piet was die eienaar van die plaas Nigel en hy het skatryk geword uit die goudmynbedryf.

'n Maatskappy koop die regte op om die tin op Doornhoek te ontgin en Marais word amptelik aangestel as die myndokter teen 'n salaris van £30 per maand.

Hy neem later sy intrek in 'n buitekamer op die plaas Rietfontein van Gys en Maria van Rooyen. Maria van Rooyen was 'n vroedvrou wat die hele buurt se vrouens in twee buitekamers op Rietfontein verlos het. Marais, wat oral bekend was as dr. Marais, praktiseer openlik as 'n geneesheer met die hulp van tant Maria as verpleegster. Hy word uitgeroep na siekes in die distrik en daar is gereeld kapkarre wat die krankes na die werf aanry. By geleentheid het hy 'n man met 'n gangreneuse voet na Pretoria verwys en toe hy by 'n ander geleentheid ontbied is om oom Gys van Rooyen se broer op die plaas Purekrans te kom sien, het hy besluit dat 'n operasie nodig is. Hy het dr. Corkery op Warmbad gaan haal om 'n operasie op die plaas op die kombuistafel uit te voer, met Marais as assistent. Alhoewel die diagnose nie bekend is nie, klink dit of die pasiënt 'n beklemde breuk kon gehad het.

Maar die insident wat Marais se reputasie as die wonderdokter gevestig het, was die genesing van die histeries verlamde Hessie van Deventer, na wie die bekende drif in die Waterberg, Hessie-se-Water, vernoem is.

Hessie het by die drif van 'n wa afgeklim na 'n rusie met haar man en moes toe voetslaan huistoe. By die huis aangekom, het sy gaan sit en was toe vir 17 jaar verlam.

Uiteindelik word Hessie ook na Eugène Marais op Rietfontein aangery. Maar kom ons stel Marais aan die woord in sy boek *Natuurkundige en wetenskaplike studies*:

„Dit het dadelik geblyk dat Mev. Van Deventer sterk vatbaar was vir hipnose. Sy is driemaal gehipnotiseer om haar aan die toestand gewoond te maak. Die vierde maal is sy in 'n baie diep stadium gebring en toe is die suggestie gemaak dat net sodra sy wakker word, sy 'n sterk begeerte sou hê om te loop; dat sy dadelik sou probeer en dat sy weer mag sou kry om die verlamde bene te roer en dadelik sou kon loop. Na 'n hipnotiese slaap van 3 uur om die suggestie te versterk, is sy wakker gemaak en tot haar eie verbasing en uiterste blydskap, het sy dadelik begin loop. Die verlamming het nooit weer verskyn nie – ook ten gevolge van 'n suggestie."

Hierdie insident het Marais se roem dwarsdeur die Waterberg laat versprei.

Hy het ook vele mense vir rumatiek met 'n elektriese skokapparaat behandel. Dit was bekend as dr. Marais se drilvisbehandeling.

Gedurende hierdie tyd het die jong Leipoldt die Bosveld deurreis as 'n mediese skool inspekteur en hy het heel waarskynlik ook van die wonderdokter in die Palala en Waterberg verneem. Geen wonder dat hy die volgende in die mediese tydskrif Lancet skryf nie: ,,There is no country in which itinerant quackery is more rampant than in South Africa, none where the consumption of quack remedies is so high per head of white population, none where the charges for quack treatment are higher. We have all kinds of quackery ranging from the semi-scientific electrical treatments to the pretentious cancer curer".

Marais se bydrae tot die Natuurwetenskappe was reeds vergete toe daar in die sestiger- en vroeë sewentigerjare weer 'n oplewing gekom het in die belangstelling in sy werk, hoofsaaklik deur die toedoen van twee persone. Ek wil graag hierdie gebeure in oënskou neem en die feite van die fabels probeer skei. Met die publikasie van Robert Ardrey se boek *African genesis* in 1961 skryf hy oor Marais: ,,Marais was a genius, a van Gogh of the natural sciences, the pioneer mind of modern zoology and the purest genius that natural sciences have seen this century".

Maar hierteenoor het lord Zuckerman in 1975 in sy voordrag by die Universiteit van Kaapstad getitel ,,Directions and misdirections of science", waarin hy die tema van pseudowetenskap vergeleke met ware wetenskap aanpak en vir Eugène Marais kies as voorbeeld van die pseudowetenskaplike, gepraat van die ,,presumedly scientific writings of Eugène Marais".

Maar wat skuil agter hierdie aanval teen Marais? Laat ons 'n oomblik stilstaan by hierdie twee here.

Robert Ardrey het tot sy dood 'n paar jaar gelede in Rome gewoon, getroud met die bekende Suid-Afrikaanse aktrise Berdine Grünewald. Hy was 'n draaiboekskrywer en dramaturg wat in 1930 gedurende die Chicago World Fair lesings gegee het oor Antropologie. Dit was sy ontmoeting met prof. Raymond Dart in 1955 wat sy belangstelling aangewakker het.

Hy skryf: ,,I had never heard of our probable ancestors before. When I entered Dart's basement room I was anthropology's Rip van Winkle. Normal human beings, jarred into consciousness of their own ignorance, tend to keep the information to themselves. Authors being shameless, tend to rush into print. So fathomless was my ignorance however, and so oceanic were the dimensions of scientific accomplishment while my back had been turned, that the rush had consumed six years of my life."

Terwyl hy aan sy boek *African genesis*, wat hy aan Eugène Marais opdra, besig was, het sy vrou Berdine Grünewald Marais se boek *Die siel van die mier*, in die Engelse vertaling van dr. Winifred de Kock van Londen, onder sy aandag gebring. Dr. de Kock het Marais se briewe aan haar, aan Ardrey getoon, en die gort was gaar.

In een brief skryf Marais: ,,You must understand that it was not merely plagiarism of the spitit of the thing, so to speak. He has copied page after page verbally." Hier verwys hy natuurlik na die bekende twis oor die boek van die Nobelpryswenner Maurice Maeterlinck, *La vie de termites*, wat in 1926 verskyn het.

Ardrey skryf in *African genesis*: ,,That a Nobel prize winner and a literary figure of such renown could have stolen half the life goods of an obscure South African genius must leave one not only with shame, but bewilderment. How could he have done it? Yet Maeterlinck's guilt is clear." Maar is dit feit of is dit fabel?

Maurice Maeterlinck was 'n Belgiese dramaturg wat die Nobelprys vir letterkunde in 1911 verower het. In 1901 het sy boek *La vie de abeilles*, in Engels vertaal as *the life of the bee*, verskyn, dit wil sê terwyl Marais in Londen studeer het. Dit is waarskynlik dat Marais sy werk toe gelees het, maar dit is wel bekend dat hy die boek later, in 1917 op die Springbokvlakte besit het. Marais sou toe self 'n studie oor bye begin het. In hierdie boek skryf Maeterlinck reeds: ,,Where is the spirit of the hive; where does it reside? It disposes piteously of the wealth and the happiness the liberty and life of all this winged people, and yet with discretion as though governed itself by some great duty". Hier is dus reeds duidelik sprake van 'n sentrale siel.

In 'n briljante ontleding van Eugène Marais en Maurice Maeterlinck skryf prof. George Findlay in die Tydskrif vir Geesteswetenskappe: ,,Maeterlinck se vroeër uiters geslaagde studie van die by as sosiale insek het moontlik sy belangstelling in die termiet gewek. Hy was in elk geval self 'n byeboer, maar die termiet besluit natuurlik self wie se huis hy wil binnegaan. Hy was dus verplig om die werk van Wetenskaplikes en waarnemers van elders te raadpleeg vir stof vir sy verhaal. Hy spreek sy bewondering en waardering uit vir hierdie mense en bejeën hulle deurentyd met hoflikheid en respek, maar meen tog dat hulle, hulle dikwels blind gestaar het op tegniese besonderhede, sonder om die wonderbaarlike betekenis van hulle bevindings raak te sien."

Maeterlinck verskyn nou op die toneel om as woordvoerder en vertolker namens hulle op te tree. Hy beweer dat hy sy feite op allerhande duister plekke versamel het. Die enigste Suid-Afrikaanse bron wat hy aanhaal, is die werk van Claude Fuller.

Verskeie oorsprongtekens dui daarop dat Maeterlinck wel Marais se artikels in die Huisgenoot onder oë gehad het.

Om Prof. Findlay verder aan te haal. ,,Daar is dus veel te sê vir die waarskynlikheid dat Maeterlinck wel van Marais geleen het, en dat die omstandighede hom nie tot eer strek nie. Dit is egter 'n ope vraag of die episode, afgesien van eer of reputasie wat op die spel mag staan, werklik enige betekenis het. Waarskynlik nie, want Maeterlinck kon nòg van 'n ander skrywer nòg van Marais 'n lewensbeskouing en wetenskaplike benadering oorneem wat geheel en al vreemd aan sy

aard was". Aldus prof. Findlay.

Edward O. Wilson skryf in 1971 in *Insect societies*: ,,During the later years of his life, Marais claimed that his ideas had been stolen by Maeterlinck and his case has more recently been melodramatically championed by Robert Ardrey in the best selling book 'The Territorial Imperative'. But it is all just a tempest in a teapot. W.M. Wheeler postulated the concept of a collective soul in his article. 'The Ant Colony as an organism' written in 1911. Wheeler was clearly the architect of the idea for what it is worth and neither Marais nor Maeterlinck had any claim for priority or visible effect on later studies of social insects". Dit is natuurlik heeltemal moontlik dat Marais en Maeterlinck bekend was met Wheeler se vroeëre artikel.

Dr. S.H. Skaife, die briljante entomoloog, skryf as volg: ,,The South African writer, Eugène Marais, in his book, The Soul of the White ant, and Maurice Maeterlinck in his, The Life of the White Ant, both suggest that the termitary should be regarded as a single composite animal and not as a community of separate individuals. Marais goes so far as to write at length about what he called the ,,group soul" and to state that 'the termitary is a separate and composite animal in the same way that man is a separate composite animal' and that the termitary is an example of the method by which composite and highly developed animals like the mammals come into being. He compares the surface of the mound with the skin, the cells and corridors with bloodvessels, and the workers and soldiers with the corpuscles in the vessels, and the queen he regards as the equivalent of the brain. This is just nonsense and it does not help us to understand the organisation of the termite community at all. The inhabitants of the mounds are just as much separate entities as are the inhabitants of the human city. If the termitary is ,,a separate and composite animal", then so is London and New York and Cape Town".

Dit het ook by 'n ander geleentheid gebeur dat Marais verwar geraak het of 'n sekere idee hom van ander se werk ontleen is of andersom.

In 1933 met die ergste droogte in menseheugenis skryf Marais 'n artikel in die Vaderland. Hierin verwys hy na sy vorige artikel oor droogte wat in 1914 in die Agricultural Journal verksyn het, en veral dan: ,,Die teorie deur die skrywer aanvaar is van die mees onverwagte kante ondersteun. Die wêreldberoemde Franse astronoom Flamarion, ook andere, het daarop 'n verbysterende voorspelling gegrond – dat die gehele aarde aan uitdroë is omdat ontsettende hoeveelhede water elke dag vir ewige verlore gaan deur opsplitting van die onderaardse waters in die sentrale vure en die verdwyning van verdampte water in die oneindige ruimte."

In werklikheid was Flamarion se teorie heelwat ouer as 1914 en het Marais reeds in die artikel van 1914 daarna verwys as volg: ,,In Asia and Africa, the two dry continents, the disappearance of water annually is so great it seems to justify the prediction of the French Astronomer, Flamarion that within a measurable space of time the human race will find its final eclipse in this cause."

Marais se grootste bydrae, die studie van die gedrag van primate, is betekenisvol, maar word waarskynlik oorskat deur entoesiastiese leke aangevoer deur sensasionele joernaliste soos Robert Ardrey. Hy skryf byvoorbeeld: ,,His mind trained for law was disciplined and self-sceptical and his intuitions were of the order of genius. The observations of baboon social behaviour made by a lonely lawyer in the Waterberg fastness have stood up against the erosions of time rather better than those of another South African in London Zoo" en dan weer in die voorwoord vir Marais se *Soul of the Ape* wat deur die toedoen van Ardrey in 1969 gepubliseer is: ,,One of the most ill-starred events of our scientific century took place in 1932 when Sir Solly Zuckerman – another South African removed to Britain – published the social life of Apes and Monkeys. The book was a thorough convincing study of the behaviour of baboons. But the baboons were in the London zoo. Until 1960 the book stood as a keystone in the tightly constructed arch of contemporary fallacy. Then in 1961 began the new attack of evolutionary thought and techniques on academic orthodoxy. That was the year Washburn and De Vore published their study of baboons in the wild. Even their single study demonstrated that the behaviour of primates in captivity bears little relation to their behaviour in a natural setting. Solly Zuckerman's book stands today totally discredited."

Geen wonder dat Zuckerman 'n venynige aanval teen Ardrey loods en dat Marais se nagedagtenis in die kruisvuur gevang word nie. Hy skryf in sy outobiografie *From apes to warlords* in verband met 'n ander outeur: ,,He may have been a totally mythical character or merely a phony scientist like Eugène Marais, a drug-ridden South African who wrote fanciful stories about baboons and ants in the early part of the century, and who because he was one of the fathers of Afrikaans as a written language, has all but been canonized in the land of his birth".

Venyn is 'n dominante karaktertrek van hierdie briljante vorige Suid-Afrikaner. Zuckerman skryf as volg in sy outobiografie: ,,In the light of the life long experience of the educational world which I have enjoyed, it is not unfair to say that neither school nor University in the South Africa of my day provided the kind of intellectual stimulus that is expected today from one's teachers.

On leaving South Africa I felt no wrench at leaving, only a sense of great things wanting to be savoured. I was abandoning no loves and it did not occur to me that once I had gone there might be someone who might miss me. It never occurred to me to question my feelings about my parents or about people in general".

Zuckerman het in 1928 nadat hy as geneesheer afstudeer het by University College Hospital, in Londen, navorser geword by die Zoological Society of London. Dit was gedurende hierdie tydperk dat hy sy bekende boek *The social life of monkeys and apes* geskryf het. Hierdie werk was hoofsaaklik gebaseer

op sy waarneming by die Londense dieretuin, maar dit is ook gegrond op deeglike veldstudies, iets wat uit die oog verloor word. Dit is veral hieroor dat Ardrey se felste kritiek teen Zuckerman gerig is en dit word gebaseer op wat sir Arthur Keith geskryf het in sy bekende boek *New discoveries relating to the antiquity of man* wat in 1931 verksyn het. Sir Arthur skryf: „Dr Zuckerman would be the first to acknowledge that his observations had been made on captive animals". Zuckerman antwoord: „Keith had never discussed the matter with me and I should certainly not have agreed with this qualification".

Terwyl Zuckerman in Londen sy navorsing gedoen het, het hy net soos Marais gedurende sy Londense dae, 'n bobbejaan in sy woonstel aangehou om studies in verband met die vermoë van primate om kleure te onderskei uit te voer. Net soos Marais se eie sjimpansee, het Zuckerman sy bobbejaan, met die naam Chastity, soos een van die familie behandel. Zuckerman het ook in die dertigerjare uitgebreide veldstudies met die bobbejane op die plaas van sy vriend Cole Raus, wat later prof. Charles Saint se opvolger as professor in Chirurgie by die Universiteit van Kaapstad sou word, in die distrik Graaff-Reinet uitgevoer.

Hy vertel in sy boek van 'n ontmoeting met dr. Robert Broom op een so 'n ekspidisie: „He was a palaeontologist whose studies of the fossil records has contributed greatly to our understanding of the evolutionary relationship of the earliest known mammals to a certain group of reptiles which had become extinct tens of millions of years ago. But his critical sense had become warped by an irrepressible belief that almost everything he found was unique. Having heard through the bush telegraph that a scientist from England was in the field studying and collecting baboons he decided to come and see for himself what I was up to.

Broom proved to be only vaguely interested in the observations I was making and ended his visit by giving me as a gift the broken skull of a baboon whith the suggestion that I should describe it as a new species. The skull was that of a creature that must have died fairly recently but I had to accept the offering. Distinguished as he was, he knew little about or was little concerned about the relatively enormous amount of physical variation one finds in all animal species".

Ten spyte van Zuckerman se giftige aanvalle teen Marais, wat eintlik teen Ardrey bedoel was, het hulle belangstellingsvelde wat betref die primate vele raakpunte getoon. So skryf Zuckerman: „Until recently the study of animal psychology was pursued mainly in order to obtain evidence supporting the Darwinian hypothesis by demonstrating mental continuity between the animal and human worlds. In the hands of its exponents animals share with man a common classificatory scheme of social conduct."

In *The soul of the ape* strek Marais se teorie – met die gedrag van die bobbejaan as uitgangspunt – hom uit oor dieregedrag in die algemeen, om uiteindelik ook die gedrag van die mens te betrek. Volgens hom word die gedrag van diere bepaal deur die instink, die filetiese of erflike geheue en deur wat elke individu gedurende sy lewe aangeleer het, die geheue van oorsaaklike verband. By die laer diere is die instink oorheersend. By die hoër primate, bobbejane, ape, die mens, word gedrag kort na die geboorte ook deur instink bepaal, maar die instinktiewe kennis word geleidelik vervang deur wat die individu aanleer. In teenstelling met die laer diere wat instinktief reageer op die bepaalde stel prikkels uit die omgewing waarby hulle aangepas is, en maklik uitsterf as die omgewing vinnig verander, kan die primate hulle by verskillende omgewingstoestande aanpas.

Marais se baanbrekersbydrae lê daarin dat hy die eerste was wat die primate in hulle natuurlike omgewing bestudeer het. Dit is egter waar dat behalwe vir sy artikel „Baboon, hypnosis and insanity" wat in die obskure tydskrif Psyche in 1926 verskyn het, en sy populêr-wetenskaplike *Burgers van die berge* in 1938, sy *The soul of the ape* eers in 1969 verskyn het, land nadat die etologie reeds goed gevestig was deur Konrad Lorenz, Washburn, De Vore en ander.

Dit is sterk moontlik dat al sou hy toentertyd sy hoofwerk gepubliseer het, dit heelwaarskynlik heeltemal geïgnoreer sou gewees het. Dit was immers die ondervinding van die Amerikaner C.K. Carpenter wat gedurende die dertigerjare 'n sistematiese studie in die Panamese reënwounde met ape uitgevoer het en later ook met gibbon en rhesusape in die natuurlike omgewing. Die wêreld het sy geskrifte geïgnoreer. Konrad Lorenz moes eers die pad voorberei.

Wat was Marais se bydrae op die gebied van die Plantkunde? Almal is bewus van die pragtige broodboom wat na hom vernoem is: Encephalartos Eugène Maraisii.

In 1926 het Marais 'n broodboom wat hy op die Palalaplato aangetref het, na dr. Rudoph Marloth vir identifikasie en kommentaar gestuur. Dr. Marloth het nooit van hom laat hoor nie.

In 1935, 'n paar maande voor sy dood, het Marais besoek afgelê by sy niggie Inez Verdoorn, wat toe oor die Encephalartos by die Afdeling Plantkunde in Pretoria navorsing gedoen het. Gedurende die geselsie vra hy haar toe uit oor die Waterbergspesie. Sy was dadelik geïntereseerd, want geen sikadeë is ooit so ver wes gevind nie.

Marloth se herbarium het toe reeds deel geword van die Nasionale Herbarium. Marais en sy niggie het na 'n lang soektog die monster gevind, maar Marloth het op die herbariumdokument, „Nelspruit" aangeteken as die standplaas van die plant. Hy kon ook nie glo dat lede van die genus in die Waterberg kon voorkom nie.

Dr. Verdoorn het Nelspruit doodgekrap en netjies Palalaplato op die monster aangebring. Voordat Marais haar die plaas in die Waterberg kon gaan wys, is hy dood.

Sy het nie moed opgegee nie en alles in werking gestel om die plant te probeer opspoor. Dit was eers in 1944 dat 'n sekere mnr. Toerien 'n telegram aan mej. Verdoorn gestuur het dat hy die plant gevind het

op die plaas Palala Heights. Dieselfde aand het mej. Verdoorn en dr. R.A. Dyer die trein na Potgietersrus gehaal. Toe hulle op die plaas Vlakfontein van die Van Rooyens aankom, kry hulle die plante teen die hang van die koppies. Die silweragtige kroon van die plante het sterk herinner aan die Karoospesie Encephalartos Lehmanii, maar daar was tog duidelike verskille. Die punte van die blare draai na bo en die sade is bruin in plaas van rooi.

'n Tweede ontdekking sou hiermee gepaard gaan. In die conus het dr. Verdoorn 'n klein boorkewer gevind met 'n slurpie of proboscis wat hom net soos 'n klein olifant laat lyk het. Die voorkoms was verskillend van al die kewers wat sy in die verlede in Sikadeë gevind het. Hierdie kewer is later by die Imperial Institute of Entomology in Londen uitgeken as heeltemal nuut en van groot taksonomiese belang. Hulle het dit Apinotropus Verdoornii genoem. Marais se fyn waarnemingsvermoë het daartoe gelei dat oom en niggie se name verewig sou word.

Die laaste aspek van Marais se lewe waar die feite moeilik van fabels onderskei is, is sy morfinisme, of sy „felste kwaal", soos Marais dit in een van sy minder bekende maar pragtige gedigte „Die Nag" sou noem.

Baie mense dink dat Marais se dwelmverslawing ontstaan het as gevolg van die tragiese dood van sy pragtige jong vrou Lettie Beyers aan kraamkoors met die geboorte van hulle eersteling. Ander weer dat hy verslaaf geraak het tydens sy verblyf in die wêreldstad Londen.

Marais self het 'n reeks vergesogte redes aan verskillende mense verskaf na gelang van sy oordeel van hulle goedgelowigheid. Aan sy seun vertel hy dat hy dit begin gebruik het as jong joernalis weens uitputting en slaaploosheid; aan die Waterbergers dat hy gedurig pyn het as gevolg van 'n onopgeklaarde blindedermontsteking en aan die jong dr. Kestell op Heidelberg dat die Portugese dit as 'n geneesmiddel toegedien het vir malaria.

Nie een van hierdie stories is die volle waarheid nie. Opium word in die 19de eeu vryelik as geneesmiddel gebruik. Maar daar is mense, sensitiewe verbeeldingryke mense, wat wil eksperimenteer. Hulle stel belang in die vreemde en bizarre, in ongewone geestestoestande. Hulle word veral verlei deur beskrywings van opiomane soos De Quincey en die Franse digter Charles Baudelaire. De Quincey romantiseer die gebruik van opium en verhef dit tot 'n kultus.

'n Ander groep gebruik opium as ontvlugting. Deur middel van opium probeer so iemand sy selfagting verhoog, probeer hy wegkom van die spanning, teleurstelling en saaiheid van die daaglikse lewe. Hy is 'n ontoereikende persoonlikheid. Marais pas waarskynlik by die tweede en die derde groep in. Marais het De Quincey se klassieke werk *The confessions of an English opium eater* besit en gretig bestudeer. In die vroeë jare negentig lewer hy 'n vurige lofrede oor die vreugdes van opium na aanleiding van die boek van Quincey voor 'n vereniging in Pretoria en verklaar met trots dat hy self die middel gereeld gebruik. Dus het hy reeds voor sy troue morfien dikwels en gereeld gebruik.

In 1893 skryf Marais aan sy vriend Jimmy Roos in die Kaap: „There was a time when I dreamed that I would never be happy again – that my soul was no longer pregnable to any human influences whether for good or for evil – and behold here comes a sweet little thing from Natal – a daughter of mine own people too – and upsets all my most precious calculations making a driveling idiot of what was once a man or supposed itself to be a man. She has some of the elements of the flirt and more misery has she caused me than lies in all the massed villainy of the Government Buildings to do. The only respite I have is in the arms of the divine drug, which here, while the frost gathers dull and white on all that was alive without, nightly resuscitates for me the spring, and out of the anarchy of dreaming sleep and the fantastic imagery of the brain calls into sunny light the presence of diviner beauties than eye of flesh can ever behold".

Sedert 1894 was dit in Transvaal verbode om opium of enige derivaat van opium sonder doktersvoorskrif te kry. Die res van Marais se lewe sou 'n duidelik herkenbare patroon aanneem. Behalwe vir die eerste paar jaar in die Waterberg toe hy geen poging aangewend het om hom van morfien te onttrek nie, en sy middel vryelik bekombaar was met behulp van sy vriend Ebrahim Ravat, 'n Indiërhandelaar op Nylstroom, sou hy altyd aangewese wees op 'n geneesheervriend wat sy middel aan hom verskaf en dan na 'n ruk probeer het om sy vriend Eugène Marais van die euwel te verlos. Dan volg 'n periode van ellende wat eindig in bedrog en verval in 'n roes van oordosering. Dan trek hy weer verder om dieselfde patroon te herhaal. Van Boshof in die Vrystaat, met dr. Stoffberg, na Erasmus (of Bronkhorstpruit) met dr. A.G. Visser, en toe weer terug na Pretoria en drs. Louw en Nel, huisdokters van Gustav Preller by wie Marais sy intrek geneem het.

Marais se morfinisme het tot persoonlikheidsaftakeling gelei. Hy het skuld gemaak, gebedel en selfs gesteel ter wille van sy middel. Sy familie het hom verwerp en Pretorianers het hom as 'n boemelaar beskou.

Sy dwelmverslaafdheid verklaar sy onvermoë om sy joernalistieke werk te doen en om sy beroep as advokaat te beoefen.

Gedurende hierdie laaste verskriklike jare het sy ou vriend en bewonderaar Gustav Preller hom oor hom ontverm. Preller skryf aan 'n gemeenskaplike vriend: „One forgives and forgets everything, however, he is such a real good sort. Latterly, however, he forgets a lot, sleeps most of the time and is not much of a companion. Generally I see him at home for about an hour in the evening. Then he vanishes, goes to bed, and one does not see him again until the next evening, though he comes to town regularly for the necessary."

Dikwels moes hy nou sy toevlug neem tot sy Indiërvriende, want hy was reeds diep in die skuld by die

aptekers en hulle wou hom nie meer 'n paar sjielings voorskiet nie.

Op aandrag van sy vriend Preller wend hy nog 'n laaste poging aan om hom aan morfien te onttrek en gedurende hierdie laaste droewige poging op Pelindaba, waar hy sy lewe neem, skryf hy sy gedig oor die dood en die morfinisme getitel

Die Nag

Stille Moeder van erbarme
Droomgevuld u sagte arme
Uit u donker oë straal
Heling van die felste kwaal
Leniging van alle smarte
Balsem in gewonde harte

Soeter, sagter o beminde,
Dan van Sneeuverkoelde winde
op geskroeide lippe strelend
Raak u sagte hande helend

Diep vergetelheid, u duurste gawe
Breek die kettings van die slawe
Was die bloedskuld van bevlekte harte
Neem van snoodste onreg al sy smarte
Stergekroonde in u skrede
Bloei die leliekelk van Vrede.

BIBLIOGRAFIE

1. Ardrey, Robert (1961). *African genesis* (Atheneum, New York).
2. Ardrey, Robert (1967). *The territorial imperative* (Collins, London and Glasgow).
3. Carpenter, C.R. (1935). Behaviour of red spider monkeys in Panama. *Jour. Mammalogy*, 16, 171-180.
4. De Vore, Irven (1965). *Primate behaviour* (Holt Rinehart and Winston, New York).
5. Du Toit, E.G.M. (1940). *Eugène Marais. Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde* (Swets en Zeitlinger, Amsterdam).
6. Findlay, G.H. (1972). Eugène Marais en Maurice Maeterlinck. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 12, 242-249.
7. Headlam, C. (1931). *The Milner papers* (1897-1905), 2 Vol. (Oxford University Press).
8. Lorenz, Konrad (1937). The companion in the bird's world. *Auk*, 54, 245-273.
9. Lorenz, Konrad (1952). *King Solomon's Ring* (Crowell, New York).
10. Maeterlinck, M. (1927). *La vie des termites* (Bibliotheque-Charpentiers, Parys).
11. Maeterlinck, M. (1912). *La vie des abeilles* (Bibliotheque-Charpentiers, Parys).
12. Marais, E.N. (1934). *Die siel van die mier* (Van Schaik, Pretoria).
13. Marias, E.N. (1938). *Burgers van die berge* (Van Schaik, Pretoria).
14. Marais, E.N. (1969). *The soul of the ape* (Human en Rousseau, Kaapstad).
15. Marais, E.N. (1928). *Natuurkundige en wetenskaplike studies* (Nasionale Pers: Kaapstad, ens.).
16. Ryke, P.A.J. (1972). Eugène Marais: natuurkenner en navorser. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 12, 219-230.
17. Rousseau, Leon, (1974). *Die groot verlange* (Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria).
18. Snyman, H.W. (1980). Eerste gedenklesing. Eugène Nielen Marais-tak, Afdeling Geneeskunde. Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Geneeskunde*, 22, 215-221.
19. Skaife, S.H. (1971). *Dwellers in darkness* (Longmans Green, London, etc.).
20. Washburn, S.L., Jay, J.V.P. and Lancaster, J. (1965). Field studies of old world monkeys and apes. *Science*, 150, 1541-1547.
21. Wheeler, W.M. (1910). *Ants: their structure, development and behaviour* (Columbia University Press, New York).
22. Wilson, E.O. (1971). *The insect societies* (Harvard University Press, Cambridge, Mass).
23. Zuckerman, S. (1932). *The social life of monkeys and apes* (Kegan Paul, London).
24. Zuckerman, S. (1975). Directions and misdirections of science. Unpublished lecture, University of Cape Town (24 September).
25. Zuckerman, S. (1978). *From apes to warlords* (Hamish Hamilton, London).